



BRAUNVIEH SA

Posbus/PO Box 7864 • Bloemfontein 9300 • Suid-Afrika/South Africa
Tel/Fax: 051 430 4352

20 Augustus 2008

Geagte Braunvieh beesboer,

Die jaar is reeds besig om vinnig spoed op te tel en daar is nog baie dinge wat gedoen moet word. Soos julle sal sien het die raad al verskeie vergaderings gehou en is daar reeds baie besluite geneem om die belang van die Braunvieh teler en die lede van die genootskap se belange op die hart te dra.

Die beste op die Vryburgskou was vanjaar as groep 'n trots vir die ras en het die Braunvieh weereens uitstekend op die skou presteer. Kyk gerus na die skou uitslae op ons web. Baie geluk aan al die telers wat daar beste vertoon het.

Ons het 'n goeie NAMPO beleef en baie nuwe en voornemende telers het ons stalletjie besoek en aangedui dat hulle graag met die ras wil boer. Die volgende nuwe telers het reeds aangesluit en ons glo dat daar nog hulle voorbeeld gaan volg.

- Alfreda Boerdery van Albert Bruwer Posbus 279, Bultfontein, 9670. Sel: 082 928 3657
- Milbank Trust van Ben Mills Posbus 72, Barrydale, 6750. Sel: 082 806 8750
- W J Minie [Willem] Posbus 3241, Witbeeck, 1729 Sel: 073 253 6934.

Baie dankie aan almal wat gehelp het by die stalletjie en daar die ras promoveer het. Dankie Oom Phillip Wessels vir die Braunvieh en Pieter De Villiers vir die kruisrasverse wat julle na NAMPO gebring het vir die uitstalling.

Volgende jaar 29 April tot 1 Mei 2009 vind ons Nasionale kampioenskappe op Vryburg plaas. Ons hoop om al ons lede by die driejaarlikse byeenkoms te verwelkom as besoekers en uitstallers. Ons stel dit hoog op prys dat elke teler sy/haar uiterste bes sal doen om beeste op die Vryburgskou te kom vertoon. Ons beplan ook om stalletjies waar verskillende kruisras diere vertoon gaan word, juis om aan besoekers die impak van die Braunvieh op ander rasse, te demonstreer.

Ons beplan ons nasionale veiling tydens die skouveiling op Vryburg. Ons wil graag lede die geleentheid bied om top diere aan te koop asook vir nuwe lede die geleentheid gee om so top diere te koop om mee te begin boer. Christopher Havenga koördineer die reëlings t.o.v. die veiling op Vryburg van ons ras. Sy sel is: **082 821 1527.**

JOERNAAL

Ons gaan weer 'n joernaal uitgee om saam te val met ons nasionale kampioenskappe. Ons het met hierdie joernaal ten doel om lesers se aandag te vestig op al die besondere kwaliteite van die Braunvieh ras. Ons verwag ook dat elke teler in die joernaal gaan adverteer. Die advertensietariewe is die volgende: R2 500-00 vir 'n volblad en R1 500-00 vir 'n halfblad. Die binne voorblad en binne agterblad asook die twee bladsye in die middel van die joernaal beloop R3 000-00 en die agterblad kos R3 500-00. Lede moet so gou as moontlik hulle advertensie bespreek vir plasing in die joernaal. Advertensiemateriaal moet so spoedig moontlik aan Cois Harman besorg word. **LW:** Alle materiaal moet voor of op 30 November 2008 ingedien wees. As u enige voorstel het van artikels of 'n wonderlike idée kan u gerus met Cois jou voorstelle bespreek en jou insette deurgee. Epos: coishar@gds.co.za

LW: Slegs die binne voorblad en die binne en buite agterblad het reeds telers wat aangedui het dat hulle die blaaië neem. Hulle gebruik die blaaië reeds oor jare. Enige ander teler of buite adverteerder wat graag sou belangstel om die blaaië te neem moet 'n beter tender plaas as die aangeduide advertensie koste en dan het die bestaande adverteerder die eerste reg om die bedrag te ewenaar alvorens 'n nuwe adverteerder die plek in die joernaal syne kan maak. Die ander spesiale blaaië is egter beskikbaar en versoek ons telers wat in die blaaië belangstel om dringend met my te skakel om die plek te bespreek. Sou daar meer as een persoon wees wat oor dieselfde blad meeding sal dieselfde tenderprocedure gevolg word en die persoon wat die hoogste aanbod maak, sal verseker wees van die bladsy.

Ons vestig telers se aandag daarop wat die **Beefpro program** gebruik om sertifikate aan die kantoor te stuur van diere wat verkoop of gekanselleer word.

Pieter De Villiers versoek telers wat aan die Nasionale skoukampioenskappe gaan deelneem om R1000-00 as donasie by te dra om vir raspromosie aangewend te word. Indien u goeie kruisdiere het vir die uitstalling op die skou kan u ook gerus skakel met Pieter by **Sel: 082 920 7309.**

Mag u dit elke dag geniet om met Braunvieh te boer en mag u saamspan om die ras tot nog hoër hoogtes te neem en mag ons lede in veelvoud toeneem.

Voorspoed en sukses word u toegewens.

Cois Harman
President Braunvieh SA

1. VEILINGS

Kwaliteit diere moet op veilings aangebied word en lede moet aangemoedig word om veilings onder beskerming van die Genootskap aan te bied. Indien 'n veiling onder beskerming van die Genootskap aangebied word, kan diere wat nie aan die Ras standarde voldoen nie, afgekeur word vir die veiling. Veilings wat nie onder beskerming van die Genootskap aangebied word nie, kan die Raad nie verantwoordelikheid aanvaar vir die kwaliteit nie. Raadslede in die omgewing kan gevra word om te gaan kyk en insette te lewer ter bevordering van die Ras.

Die belangrikheid van inspeksie voor die veiling moet beklemtoon word, dit is 'n wyse om die ras te promoveer. Alle stoetdiere moet reeds voor 'n veiling geïnspekteer wees en die eienaar van die diere is verantwoordelik vir die inspeksie koste.

U word almal uitgenooi om Dr. Ben Spies se eerste produksieveiling by te woon op Petrusville by die veilingskrale by Alpha op die 15 Oktober 2008. Sien u daar!!!

2. KLERASIE

Die raad het besluit om **hemde, pette en wye rand hoede** met die Braunvieh embleem daarop te laat maak en beskikbaar te stel vir lede om aan te koop. Lede kan bestelling plaas by die kantoor.

3. PRESTASIE TOETSING

Daar is al heel party van ons telers wat **Fase C** en **Fase D** toetse en selfs **Veldbulttoetse** met hulle bulkalwers onderneem. Ons is baie dankbaar daarvoor want dit is die enigste manier hoe die beste diere vir teel doeleindes geselekteer kan word. Dit is egter netso belangrik om die kalf na geboorte asook die ma te weeg en die inligting in te stuur na die kantoor vir opname. Teler wat toegang het tot die Beefpro program kan egter die inligting self invoer in die rekenaar. Die koei en die kalf moet dan weer op 100 dae en weer so na as moontlik op 205 dae van die kalfouderdome gewoog word. Daarna is die jaar en 18 maande gewig van elke diere rook belangrik vir opname. Daar is egter ook telers wat gereeld twee tot drie maandeliks hulle beeste weeg en die data invoer. Op die wyse kan die rekenaar program baie maklik vir elke teler aantoon watter diere beter as die ander presteer. Op die wyse kan swak presteerders gouer uitgeskot word en die ras vinniger vorder.

Daar was 'n voorstel op die Jaarvergadering dat prestasietoetsing verpligtend gemaak word. Dit beteken egter dat daar 'n konstitusionele wysiging tydens die April 2009 Algemene Jaarvergadering voorgelê sal moet word vir goedkeuring. Dit is egter 'n drastiese besluit ten spyte dat dit die vordering van die ras dramaties kan bevorder. Lede se insette word hoog op prys gestel. U kan per epos met die kantoor skakel en u mening lig.

4. TKP = TUSSEN KALF PERIODE

Die TKP van elke koei is baie belangrik om die koei waarde te kan bepaal. Daarom moet elke kalf se geboorte lewendig of dood aangeteken word en deurgegee word na die kantoor om die inligting op rekord te plaas. Koeie met TKP's van bokant 400 behoort eintlik uitgeskot te word aangesien hulle nie na wense presteer en vir u voldoende geld in die sak bring nie.

5. KANTOOR

Indien u enige probleem met 'n aangeleentheid rakende die ras het moet u gerus met die voorsitter of die kantoor skakel sodat ons spoedig en betyds aan sake kan aandag skenk. U is egter ook welkom om met die voorsitter te skakel sodat ons hande kan vat en die ras uitbou as wat ons ongelukkig is oor iets en dit toelaat om lede en voornemende telers af te skrik om deel te word van die genootskap.

6. LEDEGELD

Baie dankie dat u u ledegeld reeds betaal het. Baie lede het vanjaar vroeg reeds ledegeld betaal. So word dit maklik om die genootskap op 'n wenpad te hou en uit te bou. Die enkeles wat weens

omstandighede nog nie hulle ledegelde betaal het nie, word versoek om spoedig 'n plan te maak om hulle bydra te maak.

Alle telers het ook reeds SA Stamboek se jaarfooie en rekening ontvang. U moet asseblief kennis neem dat hierdie fooie voor of op 30 September 2008 betaal moet wees.

7. BEOORDELAARSKURSUS

Hou gerus die web dop vir datums.

Kyk by die raadsbesluite wat die raad oor beoordelaarskursusse en eksamens besluit het.

8. AANWYSING VAN BEOORDELAARS VIR SKOUE

Die Raad het hierdie aangeleentheid indringend bespreek en ons glo dat ons 'n besluit geneem het tot die voordeel van elke teler. Kyk gerus by die raadsbesluite wat ons hieroor besluit het en laat weet ons wat jy daarvan dink.

9. PARINGSLYSTE (Dekkingsinligting)

Dit is nou 'n vereiste van **ICAR** (hulle is die waghond van die stoetbedryf) dat Stamboek deklingsinligting op die stelsel moet opneem. Dit wil sê dat telers nou hulle paringslyste sal moet instuur vir opname op die stelsel. Met ander woorde die bul se besonderhede en die lys van die koeie wat by hom geloop het en van wanneer tot wanneer hy by hulle was. Telers wat net een bul gebruik en die bul die heel jaar by koeie laat loop, moet elke 6 maande so 'n lys instuur. Dieselfde geld vir wanneer u KI.

Terwyl ons nou met die onderwerp van dekkings besig is, moet telers onthou om besonderhede van dekkings agterop registrasie sertifikate aan te bring wanneer dragtige diere verkoop word.

10. VRYWARING VAN ADRESSE EN TELEFOONNOMMERS.

Vrywaring vir gebruik van adresse en telefoon nommers soos op die ledelys vir navraag vanaf buitestaanders en publikasies soos op die almanakke, ens. Lede wat nie hulle adres op die advertensiemateriaal wil hê nie of wie nie wil hê dat die kantoor hulle inligting aan ander moet verskaf nie moet so spoedig moontlik 'n skrywe in die verband aan die kantoor stuur wat by die kantoor op rekord gehou sal word. Lede van wie nie sodanige skrywe ontvang word nie se inligting sal voortaan op advertensiemateriaal ens gedruk word en aan persone wat navraag doen verskaf word. Skrywes moet die kantoor voor 30 September 2008 bereik.

11. INSPEKSIES VAN DIERE

Lees gerus wat die raad oor hierdie aangeleentheid besluit het.

Indien u u diere wil laat inspekteer moet u met die kantoor skakel of met die raadslid in u streek om reëlings te tref.

12. NUWE RAAD

Mnr. Cois Harman - President
Mnr. Pieter de Villiers - Vice President
Mnr. Christopher Havenga
Mnr. Bennie Coetzer
Mnr. Kobus Bezuidenhout
Mnr. Piet de Villiers - Lewenslange Ere Vice President
Mnr. John Havenga

U kan die lede se telefoonnommers op die Braunvies web kry.

13. TOEKENNING – HAMPIE VAN ZYL

Baie geluk aan Hampie van Zyl aan wie die **Charles Stafford Trofee** ontvang het vanjaar vir die beste Braunvieh kudde van die jaar.

Let op die volgende prestasies:

- Gemiddeld van kudde ouderdom met 1ste kalf = **29mde.**
- Gemiddelde TKP = **379 dae**
- Hy het 29 vroulike diere bo 2 jaar

14. PRETORIA SKOU

- Beoordeling vind Dinsdag 2 September 2008 om 8:00 plaas.
- Christopher Havenga se bul verteenwoordig die Ras by die Spesiale Prestasie Toetsklas van Fase C bulle. Die bul se besonderhede is: **Christopher Bacardi – 64347065 – gebore 2/2/2007 - goue meriete**

Baie geluk Christopher. Hou so aan.

,

- n Koei van Mnr. Willie du Plessis is vir die Farmers Weekly – LNR – Beste Elite koei toekenning aangewys. Haar besonderhede is: **Vaaidu Magret-Amor - 41207523 - getal kalwers 8 - ouderdom 1ste kalf 24 mde - TKP 366 - gebore 20/10/98. Uitstekend!!!!**

Baie geluk Willie met die pretasie. Hou so aan.

RAADSBESLUIE 2008

BESLUIE VAN BRAUNVIEH RAADSVERGADERING GEHOU OP 11 FEBRUARIE 2008

BESLUIT 1

DAT VEILINGS ONDER BESKERMING VAN DIE GENOOTSKAP STERK AANGEMOEDIG MOET WORD

DAT DIE BETROKKE VERKOPER VERANTWOORDELIK SAL WEES VIR BETALING VAN DIE INSPEKSIESKOSTE, DIE OORDRAGFOOIE EN ½% KOMMISSIE AAN DIE GENOOTSKAP OORBETAAL

DAT LEDE VOORTS AANGEMOEDIG WORD OM, INDIEN HULLE 'N VEILING ONDER BESKERMING VAN DIE GENOOTSKAP WIL AANBIED, ALLE DATA TEN MINSTE VIER MAANDE VOOR DIE DATUM VAN DIE VEILING GEREED TE HÊ VIR DIE VOORBEREIDING VAN DIE KATALOGUS EN INSPEKSIE

DAT ALLE UITGAWES T.O.V. REKLAME VAN INDIVIDUELE VEILINGS VIR DIE REKENING VAN DIE BETROKKE VERKOPER SAL WEES

DAT DIE NASIONALE VEILING OP DIE INTERNET GEADVERTEER WORD EN DAT DIE KOSTE DAARAAN VERBONDE TUSSEN DIE VERKOPERS VERDEEL SAL WORD

BESLUIE VAN BRAUNVIEH RAADSVERGADERING GEHOU OP 15 MEI 2008

BESLUIT 1

Die Raad besluit: dat Mev. Marietjie Bezuidenhout vanaf 1 Junie 2008 as hulp vir Mev. Van Rensburg aangestel word en dat sy een dag per week saam met mev. Van Rensburg in die kantoor sal werk met die volgende opdrag:

1. Sy moet haar vergewis van al die take en funksies van die kantoor, dit aanleer en dit op rekord plaas.
2. Sy moet alle inligting wat gerekenariseer kan word, rekenariseer.
Haar op hoogte bring met die prosedures en verwagtinge van stamboek en haar vergewis hoe daarmee gehandel behoort te word.

BESLUIT 2

Die Raad besluit: dat die Genootskap so spoedig moontlik 'n rekenaar aankoop en gee Mnr. Kobus Bezuidenhout opdrag om 'n gespesifiseerde kwotasie vir 'n volledige rekenaar met alle toebehore te bekom en met die volgende Raadsvergadering voor te lê.

BESLUIT 3

Dat alle stoetdiere reeds voor 'n veiling geïnspekteer moet wees en die eienaar van die diere verantwoordelik is vir die inspeksie koste.

BESLUIT 4

Elke Raadslid kry opdrag om voorstelle en insette op skrif te stel oor wat gedoen kan word om die belangrikheid van inspeksies meer te beklemtoon. Die insette moet tydens die Inspeksie konferensie van 12 en 13 Junie voorgelê word.

BESLUIT 5

Die Raad stel voor dat Mnr. Harman weer die Joernaal sal opstel en laat druk.

BESLUIT 6

NASIONALE KAMPIOENSKAPPE 2009

Die Raad besluit dat 'n skrywe aan alle telers gestuur moet word i.v.m. die Nasionale Kampioenskappe. Die volgende punte moet aangeraak word,

- 11.1 Die belangrikheid daarvan om elke teler daar te hê.
- 11.2 Die telers nou reeds kennis neem van die datum en ook vriende saambring.
- 11.3 Nou reeds dekkings kan beplan.
- 11.4 Die klasse en sluitingsdatum vir inskrywings moet ook nou reeds deurgegee word.
- 11.5 Die telers ook inlig dat 'n Nasionale Veiling aan die Nasionale Kampioenskappe gekoppel word.

BESLUIT 7

Mnr. Piet de Villiers word opdrag gegee om te reël vir die linte van die Kampioene en Reserwe Kampioene.

BESLUIT 8

Die Raad besluit ook dat die Algemene Jaarvergadering op Woensdag gehou sal word en die prysuitdeling tesame met 'n Kaas- en Wyn ete op Donderdag.

BESLUIT 9

Dat Mnr. Christopher Havenga die reëlings sal koördineer t.o.v. die veiling van Braunvieh tydens die Nasionale skou kampioenskappe op 29 April tot 1 Mei 2009 op Vryburg.

Die gedagte is om tydens die kampioenskappe soveel as moontlik Braunvieh beskikbaar te stel op die veiling en sodoende nuwe telers die geleentheid te bied om teeldiere in die hande te kry.

BESLUIT 10

Mnre. K. Bezuidenhout en C. Havenga word opdrag gegee om kwotasies te bekom vir klerasie met die Braunvieh logo, daar kan na 'n reeks gekyk word.

BESLUIT 11

Mnr. Pieter de Villiers word deur die Raad aangewys as koördineerder van die slagos kompetisie.

BESLUIE VAN BRAUNVIEH RAADSVERGADERING GEHOU OP 13 JUNIE 2008

BESLUIT 1

Mnr. Pieter de Villiers word aangewys om die uitstalling van kruis diere by die Nasionale Skoukampioenskappe te koördineer.

DIE RAAD BESLUIT DAT 'N BEDRAG VAN R1 000 VIR 'N GROEP VAN 4 DIERE EN R250 VIR 'N KOEI EN KALF GEGEE SAL WORD AAN 'N VOORSIENER VAN SODANIGE DIERE.

Mnr. Piet de Villiers sal toestemming by die Vryburg Landbougenootskap verkry vir die uitstalling van die kruis diere.

Die Raad begroot 'n bedrag van R8 000 vir hierdie aksie.

BESLUIT 2

DIE RAAD BESLUIT OM 'N REKENAAR VIR DIE KANTOOR AAN TE KOOP EN INTERNET KOPPELING IN PLEK TE KRY.

BESLUIT 3

INSPEKSIE KONFERENSIE

DIE VOLGENDE BESLUIT IS GENEEM:

1. KEURDERS SAL KEURINGS DOEN EN DAT HULLE SLEGS DIERE WAT ONGEWENSTE EIENSKAPPE VERTOON SOOS UITEENGESIT IN DIE DOKUMENT "STANDAARDE VAN VOORTREFLIKHEID" ONDER DIE PUNT "DISKWALIFIKASIES", MAG AFGEKEUR WORD.
2. DAT TYDENS KEURING VIR DIE VOLGENDE JAAR DAAR ALTYD 2 KEURDERS TEENWOORDIG MOET WEES, ASOOK 'N ANDER RAADSLID.
3. RAADSLEDE IN STREKE INGEDEEL WORD EN TYDENS KEURING SAL DIE RAADSLID IN WIE SE STREEK KEURING GEDOEN WORD, DIE KEURDERS VERGESEL. DIE RAADSLID DRA SY EIE ONKOSTE.
4. DIE GENOOTSKAP SAL SLEGS EEN KEURDER SE VERVOERKOSTE BETAAL.

BESLUIT 4

DIE RAAD BESLUIT DAT ELKE RAADSLID JAARLIKS 'N BOEREDAG IN SY OMGEWING AANBIED IN SAMEWERKING MET DIE KEURDERS. BORGE MOET VERKIESLIK VIR SO 'N DAG VERKRY WORD OM DIE KOSTES TE DELG.

BESLUIT 5

HEMDE, PETTE, WYE RAND HOEDE MET BRAUNVIEH EMBLEEM

DIE RAAD BESLUIT DAT 'N SKRYWE AAN LEDE GESTUUR WORD OM VAS TE STEL OF DAAR 'N BEHOEFTE BESTAAN VIR DIE ARTIKELS, NL. HEMP, PET EN WYE RAND HOED MET BRAUNVIEH EMBLEEM.

Indien u belangstel om van die items vir uself aan te koop laat weet asseblief die kantoor. Voorsien u groottes en kleur van u keuse.

BESLUIT 6

DIE RAAD BESLUIT DAT DIE BEOORDELAARSKONFERENSIE BY MNR. C. HAVENGA AANGEBIED WORD.

Die konferensie sal Donderdag 16 Oktober 2008 by Christopher op die plaas aangebied word.

LW: Slegs beoordeelaars wat die konferensie bygewoon het mag gedurende die volgende jaar beoordeel tydens skoue.

BESLUIT 7

DIE RAAD BESLUIT DAT TYDENS DIE BEOORDELAARS KURSUSSE VOORTAAN 'N SKRIFTELIKE EKSAMEN AFGELê SAL WORD WAT 30% VAN DIE KWALIFIKASIE SAL TEL EN 'N PRAKTIESE EVALUERING WAT 70% SAL TEL.

BESLUIT 8

DIE RAAD BESLUIT DAT LEDE WAT GEÏNTERESSEERD IS IN DIE ONTWIKKELING VAN 'N KEURINGSMODEL EN DIE STANDAARDISERING VAN PRESTASIE GEGEWENS, AAN SODANIGE MODEL KAN WERK EN DIE RAAD OP HOOGTE HOU VAN DIE VORDERING EN ONTWIKKELING DAARVAN.

BESLUIT 9

DIE RAAD BESLUIT DAT MEV. M. BEZUIDENHOUT IN DIE TOEKOMS ALLE NOTULES SAL BEHARTIG EN DAAR NIE MEER VAN BUIITE PERSONE GEBRUIK GEMAAK SAL WORD NIE. MEV. M. BEZUIDENHOUT WORD AS HULP- SEKRETARESSE AANGESTEL EN SY SAL EEN DAG PER WEEK OP KANTOOR WEES EN HAAR OP HOOGTE BRING MET AL DIE KANTOOR VERANTWOORDELIKEHEDE EN AKTIWITEITE.

BESLUIE VAN BRAUNVIEH RAADSVERGADERING GEHOU OP 9 JULIE 2008

BESLUIT 1

DIE RAAD BESLUIT: DAT 'N PANEEL VAN BEOORDELAARS, NA DIE BEOORDELAARS KONFERENSIE, OPGESTEL WORD EN AAN ALLE VERTONERS DEURGEDEE WORD OM SODOENDE TE STEM VIR DIE BEOORDELAARS VAN HUL KEUSE VIR 'N BETROKKE SKOU. DIE BEOORDELAARS SAL DAN VOLGENS RANGORDE VAN STEMME DEUR DIE RAAD AANGEWYS WORD.

Dit beteken dat 'n vertoner die geleentheid kry om te stem vir sy eerste keuse met 'n 1 en laaste keuse met die nommer van die aantal goedgekeurde beoordelaars. Gestel daar is 10 beoordelaars, plaas hy hulle in die orde van sy eerste keuse 1 tot 10 vir die laaste keuse van 'n beoordelaar. Die beoordelaar wat die laagste somtotaal behaal word dan aangewys as die beoordelaar en die met die tweede laagste en derde laagste om hom/haar te help tydens beoordeling op skoue. By die ander skoue sal die senior en junior beoordelaar met die laagste somtotaal aangewys word as die beoordelaars vir 'n skou. Een Senior en een Junior beoordelaar. Sou 'n beoordelaar nie kan beoordeel nie sal die volgende persoon op die lys genader word om te kom beoordeel. Slegs die ingeskrewe vertoners van 'n bepaalde skou het die reg om te stem vir die beoordelaars vir die skou.

BESLUIT 2

DIE RAAD BESLUIT DAT MET DIE NASIONALE KAMPIOENSKAPPE DRIE (3) SENIOR BEOORDELAARS AANGESTEL WORD, TERWYL MET ALLE ANDER SKOUE SLEGS 'N SENIOR- EN JUNIOR BEOORDELAAR AANGESTEL WORD OM TE BEOORDEEL.

BESLUIT 3

DIE RAAD BESLUIT DAT KWALITEIT DIERE OP VEILINGS AANGEBIED MOET WORD EN DAT LEDE AANGEMOEDIG MOET WORD OM VEILINGS ONDER BESKERMING VAN DIE GENOOTSAP AAN TE BIED. INDIEN 'N VEILING ONDER BESKERMING VAN DIE GENOOTSAP AANGEBIED WORD, KAN DIERE WAT NIE AAN DIE RAS STANDAARDE VOLDOEN NIE, AFGEKEUR WORD VIR DIE VEILING. VEILINGS WAT NIE ONDER BESKERMING VAN DIE GENOOTSAP AANGEBIED WORD NIE, KAN DIE RAAD NIE VERANTWOORDELIK HOU VIR DIE KWALITEIT VAN DIE DIERE NIE. LEDE IN DIE OMGEWING KAN GEVRA WORD OM TE GAAN KYK EN INSETTE TE LEWER TER BEVORDERING VAN DIE RAS.

SKOUKLASSE – NASIONALE KAMPIOENSKAPPE 2009

VROULIKE DIERE – OUDERDOM SOOS OP 01/04/2009

KLAS VERSE VIR KALF KAMPIOENSKAP

- 1 VERS 6 – 9 MAANDE
- 2 VERS 9 – 12 MAANDE
- 3 VERS 12 – 15 MAANDE
- 4 VERS 15 – 18 MAANDE
- 5 **KALF KAMPIOEN VERS**
- 6 **RESERWE KALFKAMPIOEN VERS**

VERSE VIR JUNIOR KAMPIOENSKAP

- 7 VERS 18 – 21 MAANDE
- 8 VERS 21 – 24 MAANDE
- 9 VERS/KOEI 24 – 30 MAANDE
- 10 VERS/KOEI 30 – 36 MAANDE
(Vers moet sigbaar dragtig wees vir hierdie klas OF gekalf het.)

- 11 **JUNIOR KAMPIOEN VERS/KOEI**
- 12 **RESERWE KAMPIOEN VERS/KOEI**

Lees aangehegte besluite van beoordelaarskonferensie wat van toepassing is op alle vroulike diere

'n Senior koei in 'n droë klas moes alreeds gekalf het. Indien die kalf ouer is as 8 maande, moet die kalf reeds gespeen wees en die koei moet droog wees. Indien die koei nog melk het, moet sy reeds die vorige middag teen 5 uur uitgemelk wees.

LW: (Geen verse word in die KOEI klasse toegelaat nie)

VROULIKE DIERE VIR DIE SENIOR KAMPIOENSKAP

- 13 KOEI IN MELK 3 – 4 JAAR
- 14 KOEI DROOG 3 – 4 JAAR
- 15 KOEI IN MELK 4 – 6 JAAR
- 16 KOEI DROOG 4 – 6 JAAR
- 17 KOEI IN MELK 6 JAAR EN OUER
- 18 KOEI DROOG 6 JAAR EN OUER
- 19 **SENIOR KAMPIOEN KOEI**
- 20 **RESERWE SENIOR KAMPIOEN KOEI**

- 21 **GROOT KAMPIOEN VROULIKE DIER (KALFKAMPIOEN VERS, JUNIOR KAMPIOEN
VERS/KOEI, SENIOR KAMPIOEN KOEI)**
- 22 **RESERWE GROOT KAMPIOEN VROULIKE DIER**

MANLIKE DIERE - OUDERDOM SOOS OP 01/04/2009

KLAS BULLE VIR DIE KALF KAMPIOENSKAP

- 23 BULKALF 6 – 9 MAANDE
- 24 BULKALF 9 – 12 MAANDE
- 25 BULKALF 12 – 15 MAANDE – NIE PRESTASIE GETOETS EN **FASE D GETOETS**
- 26 BULKALF 12 – 15 MAANDE – PRESTASIE **FASE C GETOETS**
- 27 BULKALF 15 – 18 MAANDE – NIE PRESTASIE GETOETS EN
FASE D GETOETS

28 BULKALF 15 – 18 MAANDE – PRESTASIE FASE C GETOETS

29 **KALF KAMPIOEN BUL**
30 **RESERWE KALF KAMPIOEN BUL**

BULLE VIR DIE JUNIOR KAMPIOENSKAP

31 BUL 18 – 21 MAANDE
32 BUL 21 – 24 MAANDE
33 BUL 24 – 30 MAANDE
34 BUL 30 – 36 MAANDE

35 **JUNIOR KAMPIOEN BUL**
36 **RESERWE JUNIOR KAMPIOEN BUL**

BULLE VIR DIE SENIOR KAMPIOENSKAP

37 BUL 3 – 4 JAAR
38 BUL 4 – 6 JAAR
39 BUL 6 JAAR EN OUER

40 **SENIOR KAMPIOEN BUL**
41 **RESERWE SENIOR KAMPIOEN BUL**

42 **GROOT KAMPIOEN BUL**(KALFKAMPIOEN BUL, JUNIOR
KAMPIOEN BUL EN SENIOR KAMPIOEN BUL)
43 **RESERWE GROOT KAMPIOEN BUL**

BULLE VIR DIE AMPTELIKE PRESTASIE TOETSKLASSE

44 AMPTELIKE PRESTASIEGETOETSTE BULLE – FASE C
12 – 21 MAANDE
45 AMPTELIKE PRESTASIEGETOETSTE BULLE – FASE C
21 – 36 MAANDE

46 AMPTELIKE PRESTASIEGETOETSTE BULLE – FASE D
12 – 21 MAANDE
47 AMPTELIKE PRESTASIEGETOETSTE BULLE – FASE D
21 – 36 MAANDE

48 **SUPER KOEI**
Koei einge ouderdom wat haar eerste kalf voor 39 maande gehad het en moes minstens 4 maal gekalf het. Speenindekse moet beskikbaar wees vir minstens 3 van die koei se kalwers. Die gemiddeld van al die beskikbare speenindekse van haar kalwers moet minstens 100 wees. Die koei moes gekalf het gedurende die afgelope 9 maande en die geboorte is aangeteken deur SA Stamboek of die koei is as dragtig gesertifiseer voor die dag van beoordeling. Die beoordeling sal geskied op 30% visueel en 70% vir reproduksie.

GROEPKLASSE

49. **VADERNAGESLAG GROEP** – Groep van 4 diere, beide geslagte, die afstammeling van een vader. Die naam, registrasie nommer en tatoeërnommer van die vader moet gemeld word.

50 **MOEDERNAGESLAG GROEP** - Koei met 2 van haar kalwers,

enige ouderdom en/of geslag. Die naam, registrasienommer en tatoeërnommer van moeder moet gemeld word.

51

GROEP VAN 3 GENERASIES IN DIREKTE AFSTAMMELING

Grootmoer/Grootvaar, seun /dogter, kleinseun/kleindogter. Die naam, registrasienommer en tatoeërnommer van Grootmoer/Grootvaar moet gemeld word.

In klasse 49 – 51 word kruisinskrywings toegelaat. Dit beteken u kan u dier wat deur u geteel is en verkoop is aan 'n mede-vertoner, vir die drie klasse leen waar die dier sou inpas.

52

**BESTE PAAR - BESTAANDE UIT 'N BUL OF 'N KOEI OF
VERS ONDER 3 JAAR**

53

GROEP VAN 3 VROULIKE DIERE ONDER 3 JAAR

54

GROEP VAN 3 MANLIKE DIERE ONDER 3 JAAR

55

GROEP VAN 3 KOEIE OOR 3 JAAR

56

**GROEP VAN 5 DIERE - Bestaande uit: 1 Bul en 4 Vroulike
diere – enige ouderdom**

LW: Klasse 52 – 56 moet die eiendom van die vertoner wees

LET WEL: Alle diere wat deelneem aan groepklasse moet ook in die individuele klasse ingeskryf wees en deelneem

BEOORDELING

Alle telers veral Skou vertoners moet asseblief aan die onderstaande aandag gee. Hierdie sake was op verskeie beoordelaars konferensies besluit en deur die Raad bekragtig.

1. KLOUE

Kloue moet teen mekaar wees sodat modder, klippe, sand, ens. nie tussen kloue kan ingaan nie ook “vrotfootjie”. Dit blyk duidelik dat “vrotfootjie” net by oop kloue voorkom. Goeie diep kloue. Die diepte van kloue moet meer aandag kry.

2. KOOTGEWRIGTE

Kootgewrigte moet nie pap wees en deurtrap nie. Hakke moet nie regop wees nie, sekelhakke is ook uiters ongewens. Regop hakke bemoeilik loop en kalwing by vroulike diere en impak negatief op bulle by dekking. Let asseblief op daarna en selekteer daarteen. Hoewel pap kootgewrigte nie by ras voorgekom het nie, word die problem deesdae wel by diere opgemerk en word tellers versoek om sulke diere ook uit te skot.

3. a. Koeie moet eg vroulik voorkom, wigvormig vertoon en uiers moet nie laer as die hakke ahang nie. Die uier moet goed aangeheg wees, voor en agter hoog op aangeheg wees.

b. Bulle se teelorgane moet ook nie laer as hul hakke hang nie en dit moet ook meer 'n ronde vorm aanneem as lank. Bulle moet beweeglik wees. Geslagsegtheid moet by albei geslagte duidelik sigbaar wees. Teelorgane moet goed ontwikkel wees.

4. a. Diere moet van middelmatige grootte wees. Vroulike diere $\pm 600\text{kg}$ en bulle $\pm 1\ 000\text{kg}$ vir volwasse diere.

b. Oorvet diere met vetknoppe en oorontwikkelde borsstuk sal teen gediskrimineer word. Diere in A1 slagkondisie met 'n kode 1 tot 2 vet verspreiding sal die regte skoustandaard wees. Jong vroulike diere sal ernstig na gekyk word.

Oorvet diere sal nog swaarder teen gediskrimineer word:

A1 vir jong diere

B1 vir 2 tot 4 jaar diere

C1 vir volwasse diere

Vetknoppe by bulle sal gladnie toelaatbaar wees nie. Dit wys swak bespierung en os agtige vet aanpakking.

b. Baie belangrik

Diere wat nie in 'n skoukondisie is nie en nie behoorlik afgerig is vir 'n skou of enige siektetoestand vertoon soos knopvelsiekte of knoppe aan die keel, **sal onvoorwaardelik uit die ring gestuur word, voor die klas beoordeel word.** Die beoordelaars teenwoordig was eenparig oor hierdie aangeleentheid.

5. Lende

Beoordelaars is versoek om aandag aan swak lende te gee, asook aan swak bespierung op die rug wat in sommige gevalle by van ons diere voorkom. Dit is 'n swak punt op Braunvieh beeste oor die wêreld (Let daarna op in u kudde)

6. Wat van sekere ouderdom diere verwag word

Koeie: Wat in droë klasse kompeteer moet duidelik sigbaar in kalf wees, of met 'n veearts sertifikaat in die ring gebring word.

Koeie wat in melk kompeteer moet 'n kalf by haar hê of met 'n bewys dat sy wel gekalf het en dat die kalf dood is of wat ook al die geval is. Kalwers word in die ring saam met die moeder toegelaat. Leer so 'n kalf met die halter loop. Laat hom/haar links voor die ma loop of agter die ma. Solank hy/sy net nie die beoordelaar pla nie

7. Koeie 36 tot 48 maande

Moet reeds 1 kalf gehad het en weer dragtig wees.

8. Koeie 48 tot 72 maande

Op 48 tot 60 maande moet sy 2 kalwers gehad het en indien sy ouer as 60 maande is moet sy 3 kalwers gehad het.

9. Koeie 6 jaar en ouer

Moet na eerste 3 kalwers vir elke 400 dae TKP nog 'n kalf hê.

KLASSE ONDER 3 JAAR

A. **30 tot 36 maande:** moet sigbaar swaar dragtig wees of met 'n kalf

B. **24 tot 30 maande:** Sigbaar swaar dragtig of met 'n sertifikaat van 'n veearts of met 'n kalf in die ring kom

C. **21 tot 24 maande:** Indien sy in kalf is sal dit vir haar 'n plus punt wees, maar nie noodsaaklik nie.

D. **12 tot 18 maande:** Nie noodwendig in kalf. In kalf sal nie tot enige voordeel wees nie.

E. **Vers onder 18 maande:** verkieslik nie in kalf nie

Die Grondwet maak wel voorsiening dat kalwers van verse so jonk as 15 maande vir registrasie aanvaar sal word, maar dit is met die Raad se goedkeuring, maar net in die geval van 'n ongeluk, 'n “glips”.

In 'n geval waar 'n dier se **gehalte** nie 'n eerste plek waardig is nie, sal 'n eerste prys nie toegeken word nie.

10. Diere mag gladnie met 'n knipper geskeer word nie. Daar sal teen sodanige aktiwiteite gediskrimineer word. Die hare in die ore is 'n kenmerk van die ras. Ore moet nie skoon geknip of geskeer word nie. Hare bo-op die stertwortel kan wel weggeknip word asook die stertkwas kan onder gelyk geknip word met 'n sker.

11. Skedes by bulle:

Gee aandag daaraan. Dit mag nie te lank wees of te laag ahang nie. Dit is van belang dat die skede toe moet wees met goeie plooi wat goed sluit. Daar mag onder geen omstandighede 'n “prolaps” uithang nie.

12. Die Raad maan telers om nie groei stimulant wat selfs in sekere voermengsels voorkom te gebruik nie. Telers wat dit gebruik se lidmaatskap en kudde kan in gedrang kom.

13. Telers moet ag slaan op koeie se kalfintervalle en sorg dat koeirekords op datum bly, veral met betrekking tot skoue.

14. Die beoordelaars het eenparig gevoel dat baie meer aandag aan geslagsegtheid gegee moet word.

A. Bulle moet sterk verdonkering toon by die voorkwart.

B. Baie goeie gladde bespierung vertoon

C. Die stertaansluiting wat by sommige diere al bo-op die rug begin moet ook teen gediskrimineer word.

C. Goeie rugbespierung ontbreek by sommige diere